

18 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 6:19

Bid vir effektiewe kommunikasie

Effektiewe kommunikasie. Ons verkies dit. As die selfoon nie die sein opvang nie, laat dit ons gefrustreerd. As ek nie meer goed kan hoor nie, kry ek 'n gehoortoestel. Ons wil graag hoor wat ander sê. Ons wil graag dat ander ons hoor en verstaan.

Paulus vra voorbidding vir effektiewe kommunikasie. Hy bid vir die boodskap self, vir die senders en vir die ontvangers daarvan. Die Here gee aan hom woorde, 'n boodskap. Dit is verborge dinge wat bekendgemaak moet word. Dit is ook die opdrag aan elkeen van ons. Die Here verwag van ons om sy Woord uit te dra. Bid dat God se Woord suiwer en verstaanbaar gekommunikeer sal word.

Die gelowiges word spesifiek opgeroep om ook vir die sender, Paulus, te bid. Hy vra dat hulle spesifiek vir hom sal bid waar hy in die tronk sit, om selfs ook daar die Woord te kan uitdra. Paulus self het versterking nodig. Dit is nie altyd maklik om die Woord te versprei nie. Ook ons het versterking nodig. Bid vir mekaar sodat ons met vrymoedigheid die evangelie sal versprei.

Maar ons moet ook die ontvangers in ons gebede opdra. Dit sluit elkeen in wat die Woord hoor. Die evangelie moet bekendgemaak word. Dit moet by die verlangde adres uitkom. Die misterie van die evangelie moet vir hulle ontsluit word in hulle bepaalde leefwêreld. Dit vra dat ons ook die tydsgees en die hoorders se besondere behoeftes in ag sal neem as ons die Woord oordra.

Bid dan gedurig vir versterking. Bid dat die boodskap ontsluit sal word, die senders dit met vrymoedigheid sal uitdra en die hoorders dit sal verstaan en in die geloof reageer.

Sing: Psalm 19:4 (1936)

Ds. HG Schutte (Suidkus)